
GELOOF FAITH

In Die Woord In The Word



Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411

WEBSITE: www.stangerchristiancentre.co.za E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com

ONS VERSKULDIGING TEENOOR ISRAEL

Die geskiedenis van Israel se begin is op sigself 'n unieke geskiedenis. Dit was hoofsaaklik op Israel se geskiedenis dat die wêreld se beskawing en kultuur gebou is, en die stelling is nie moeilik om te bewys nie.

Dit is deur Israel dat ons die Woord van God het – " *aan hulle* **(Israel)** *die woorde van God toevertrou is"* (Brief aan die Romeine 3:2), en geleerdes en geskiedskrywers weet goed dat die meeste van die beskaafde wêreld oorspronklik hul siviele wette op die wet van Moses gebaseer het soos dit in die Tenach (Ou Testament) ingesluit is.

Ongelukkig is die meeste hiervan vandag gewysig, selfs nietig verklaar, en met wat se rampspoedige gevolge! Wanneer die mens begin dink dat hulle die antwoord het vir die mens se probleme en die mens se sonde, beter as God Self, kry ons die onvermydelike resultaat – chaos.

In die verlede was dit die Woord van God wat hierdie wêreld verander het van die stand waarin dit was. 'n Paar geslagte na God se regverdige oordeel, in Noag se dag, soos opgeteken in Genesis hoofstuk 6, het God die Hebreeuse nasie gevorm.

"En die HERE het aan Abram gesê: Gaan jy uit jou land en uit jou familie en uit jou vader se huis, na die land wat Ek jou sal wys. En Ek sal jou 'n groot nasie maak en jou seën en jou naam so groot maak, dat jy 'n seën sal wees. En Ek sal seën diegene wat jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek; en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word" (Genesis 12 :1-3).

Is die wêreld nie deur hierdie verbond met Abraham geseën nie? As dit nie so was nie, sal die ware karakter van God Self bevraagteken word, want God het toe soos altyd bedoel wat Hy gesê het en gesê wat Hy bedoel het.

WÊRELD SE SEËN

Hoe is al die families van die aarde geseën? Nie slegs deur meeste van hulle burgerlike wette op die Mosaïes Wette te baseer nie, maar baie meer as dit, want God se belofte aan Moses was: **"n Profeet sal Ek vir hulle verwek uit die midde van hulle broers, soos jy is, en Ek sal my woorde in sy mond lê…" (Deut. 18:18).**

Moses was ook deur Petrus gekwoteer toe hy vir sy Joodse luisteraars in Jerusalem gepreek het (soos opgeteken in die Nuwe Testament): ***"Want Moses het tot die vaders gespreek: 'Die Here julle God sal vir julle 'n Profeet verwek uit julle broeders net soos ek is; na Hom moet julle luister volgens alles wat Hy met julle sal spreek. En elke siel wat nie na dié Profeet luister nie, sal uit die volk uitgeroei word'"*** **(Hand. 3:22, 23).**

Dit is die Een van Wie die profeet Jesaja ook gepraat het en gesê het: ***"Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors- tot vermeerdering van die heerskappy en tot vrede sonder einde, op die troon van Dawid en oor sy koninkryk, om dit te bevestig en dit te versterk deur reg en deur geregtigheid, van nou af tot in ewigheid. Die ywer van die HERE van die leërskare sal dit doen" (Jes. 9:5, 6).***

Die profeet Miga het ook onder die inspirasie van die Heilige Gees selfs die plek van Sy geboorte vertel. ***"En jy, Betlehem Éfrata, klein om te wees onder die geslagte van Juda, uit jou sal daar vir My uitgaan een wat 'n Heerser in Israel sal wees; en sy uitgange is uit die voortyd, uit die dae van die ewigheid"*** **(Miga 5:2).**

PROFETIES GEÏNSPIREER

Die vraag oor Israel se lyding regdeur die eeue het baie oorwegings veroorsaak waarom God dit toegelaat het en waarom dit aanhou. Daar moet tog sekerlik 'n weg terug na God se guns vir Sy volk wees. Moses het aangaande die Profeet gesê ***"uit julle broers",*** dat ***" julle na Hom moet luister volgens alles wat Hy met julle sal spreek"*** en dat ***"elke siel wat nie na die Profeet luister nie, uit die volk uitgeroei sal***

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Ons verskuldiging…)
word ".

Laat ons terug dink aan die woorde van Moses: ***"daarom moet jy vandag weet en ter harte neem dat die HERE God is, bo in die hemel en onder op die aarde; daar is geen ander nie. En jy moet sy insettinge en sy gebooie hou wat ek jou vandag beveel, dat dit met jou en jou kinders ná jou goed mag gaan, en dat jy die dae mag verleng in die land wat die HERE jou God jou vir altyd sal gee" (Deut. 4:39, 40).***

Ons weet dat die hele Skrif deur die inspirasie van God gegee is, net soos Dawid gesê het. **'Dit alles het Hy my geleer volgens 'n beskrywing uit die hand van die HERE wat oor my was" (1 Kronieke 28:19)**. Het Moses 'n fout gemaak toe hy van die Profeet wat sou kom geskryf het?: ***"'n Profeet sal Ek vir hulle verwek uit die midde van hulle broers, en Ek sal my woorde in sy mond lê."***

Was Jesaja verkeerd toe hy geskryf het?: ***"…en die heerskappy sal op Sy skouer wees ".*** Nee, nie een van die profete was verkeerd nie, omdat die profete deur die mond van die Here gespreek het en Sy hand was op al die skrywers van die Heilige Skrif.

Dit is duidelik dat die profete van ouds die direkte instrumente van die Heilige Gees was en dit is daarom ons verantwoordelikheid om die Skrifte as feitelik te aanvaar, aangesien daar geen twyfel is aangaande hul egtheid nie.

PROFETE DEUR GOD GEÏNSPIREER

Nie alleen profeteer die Skrifte van die Messias se eerste koms nie, maar hulle voorspel ook Sy tweede koms. ***"Maar oor die huis van Dawid en oor die inwoners van Jerusalem sal Ek uitgiet die Gees van genade en smekinge; en hulle sal opsien na My vir wie hulle deurboor het…. En in die dag sal sy voete staan op die Olyfberg….en die Olyfberg sal middeldeur gesplyt word van oos na wes tot 'n baie groot dal…. En die HERE sal Koning wees oor die hele aarde; in dié dag sal die HERE een wees, en sy Naam een"* (Sag. 12:10; 14:4, 9).**

Koning Dawid het nie na die hemel opgevaar nie, maar hyself het in Ps. 110 gesê: ***"Die HERE het tot my Here gespreek: Sit aan my regterhand, totdat Ek u vyande maak 'n voetbank vir u voete"*** Op daardie dag sal die hele huis van Israel verseker weet dat God Hom beide Here en Messias gemaak het. ***"Die steen wat die bouers verwerp het, het 'n hoeksteen geword. Dit het van die HERE gekom; dit is wonderbaar in ons oë"* (Ps. 118:22, 23).**

Dus is daar verseker skuld aan die Joodse volk verskuldig, omdat deur hulle ***"al die families van die aarde"*** reeds deur die Woord van God geseën is, geskryf en aan al die mense deur hulle aangegee is, en ook deur die verlossing verkry vir ons deur die *"Profeet soos Moses,"* ook die Messias (Yeshua).

En daar sal 'n wonderlike dag aanbreek wanneer Israel ***"die kop en nie die stert"*** onder die nasies van die wêreld sal wees (Deut. 28:13), wanneer hulle ***"'n lig vir die heidene"*** sal wees (Jes. 42:6), en wanneer ***" die aarde sal vol wees van die kennis van die HERE soos die waters die seebodem oordek"*** (Jes. 11:9).

Op daardie dag sal ***"al die families van die aarde"*** ten volle geseën wees volgens God se Woord aan Sy dienskneg Abraham. Hoe groot sal ons skuld nie wees aan Israel nie! *(DIE DAWID PERS)*

In die lig van hierdie kennis laat ons onthou om altyd vir die vrede van Jerusalem en vir die Joodse nasie te bid, veral in hierdie tyd waar hulle onder so 'n aanval is voor die koms van die Here! □

NUWE BOEKE BESKIKBAAR

DEFEATING DEPRESSION
by Dr J J van Zyl
Book 72 – R20.00

OORWINNING OOR DEPRESSIE
Boek 73 - R20.00

A CELEBRATION OF PRAISE

God's feasts are described in detail in Leviticus 23 and they are **The Feast of Passover** (Pesah), **The Feast of Weeks** (Pentecost in Greek, Shavuot in Hebrew) and **The Feast of Tabernacles or Booths** (also known as the feast of the harvest - Lev. 23:33). The Feast of Tabernacles is the "Feasts of Feasts", it lasts seven days (and eight days if the Feast of Ingathering is included). It is the ultimate festival on God's calendar, and evokes greater celebration, greater abundance, the best and most of food, music, colour, fellowship, dancing and praise. This is a glorious time. It is fulfilling, happy, resounding with a sense of victory. Those who celebrate the Feast of Tabernacles have a sense of oneness with the Lord – of delighting in Him fully and completely, of satisfaction in His presence and of total reliance upon Him for provision.

Jesus celebrated the feast of Tabernacles and we read in John chapter 7 that He made some of the most profound and far reaching statements of His entire earthly ministry while attending the Feast in Jerusalem. On the 7th day of the Feast, as the water ceremony reached its climax, Jesus stood and cried: **"If anyone thirsts, let him come to Me and drink. He who believes in Me, as the Scripture has said, out of his heart will flow rivers of living water." (John 7:37-38).** Most Biblical scholars agree that it was during the time of the feast of Tabernacles that Jesus was born. We read in **John 1 verse 14: And the Word** (Jesus) **was made flesh, and dwelt** (tabernacled) **among us, (and we beheld His glory, the glory of the only begotten of the Father,) full of grace and truth.** Many believe that it is most likely to be during the time of this special feast of the Lord that Jesus will return! These two events are sufficient reason alone for us to rejoice and to celebrate, but in addition to them, it is a COMMAND of God the Father that we MUST be glad and joyful particularly at this time!! God knows that it is needful for His people to celebrate and rejoice at given times, because that is our strength. Therefore there is one theme and one theme alone which permeates the entire Feast of Tabernacles during the 7 days of the feast, and that theme is PRAISE! Praise to the Most High God for who He is - the eternal I AM, Almighty God of Heaven and earth! Praise for His magnificent deeds on our behalf! Praise for the promises He will fulfil in our lifetime! Praise to Jesus for all that He is in our lives today all He has done for us on the cross! **How shall we rejoice?** Let's recognise that praise is voiced. It is expressive. It is exuberant. It is a physical manifestation. Praise is worshipping with "every fibre of our being." When we praise the Lord, we are not trying to show how religious or righteous we are as Christians, because the focus must be upon Jesus, not upon ourselves. Neither are we in fear of losing our reputations. Praise is realising that we have abandoned everything to the Lord and we are totally at His pleasure. Praise requires complete personal freedom. It requires centring in on Jesus – with no thought for self, fame, fortune or future.

Body language is the foundation for our verbal expressions. It is the most basic form of communication, and God loves our physical expressions of worship unto him, such as the following:

Clap your hands all ye people … (Ps. 47:1); Shout unto God unto the Lord….. (I Tim. Tim. 2:8); Bow before Him, worship and adore Him….. (Ps. 95:6); Lift up your heads all ye people of the Lord….. (Ps. 24:9); Sing aloud on their beds (Psalm 149:5)

Praise is an utterance. It is never done in silence. You may have quiet times for meditation. You may sit silently in His presence with awe. But the very nature of praise is a loud joyous celebration. In fact, the name "Judah" – from which the word Jews comes – means "praise to God, celebrated" in the Hebrew language. God has desired from the beginning that the leaders of His chosen people on the earth would be people whose mouths were filled to overflowing with praise. It is Judah that was the tribe encamped at the entrance to the Tabernacle of Moses. It is Judah who led in battle, with singer and dancers leading the way. Praise overcomes the enemy. (Psalm 8:2) Praise reaches your very soul. Praise frees us in our personalities and in our relationships with others. Praise is for EVERYONE. It requires no great skill in singing or praying. It is spontaneous, unrehearsed outbreaks of rejoicing. Praise is often accompanied by music. Read praise worship at the time of the Psalmist: lute, trumpet, harp, timbrel, stringed instruments, flutes, loud cymbals, high sounding cymbals.

(Continued on Page 4)

(Continued from Page 3 - A Celebration of Praise)

Praise is for today. Praise is for you! And because praise is first and foremost a personal matter, you can rest assured that you can keep the Feast of Tabernacles in your own heart no matter what those around you maybe doing. Your family can keep the Feast, even if nobody else in the neighbourhood understands. Your community or church group can keep the Feast, even though it may be an unknown activity in the rest of your nation.

The feast of Tabernacles, also known as Succoth, is a much larger celebration than any one church group… or denomination… or nationality. It is a festival that cannot be boxed in, labelled, and shelved as belonging to any particular place, denomination, or group.

It is a celebration that can reign in the hearts of any believers any place they find themselves on the earth during the coming years. Praise cannot be contained. Praise can come from any vessel yielded to the Lord. Jesus is always central to our praise. (Revelation 5:12)

Praise is an attitude and an action. It is also an atmosphere that you can create around yourself. Those individuals who personally dwell in a "Succoth of praise" will have their mind "stayed on God" and the promise to them is perfect peace. **Isaiah 26 verse 3.**

As you go about your daily activities, keep praise music filling your mind. Have it playing by radio, record or tape – in your home and car. Sing along! Memorise the words and quote them aloud as unto the Lord as you go about your daily chores. Create a "dwelling space" of praise around you!

With an attitude of praise, begin to make up your own songs to the Lord. This may mean adding a simple melody to a psalm that you have memorised. It may mean taking a praise expression, such as "hallelujah", "hosanna", or "praise the Lord" and adding a line of melody to it. You don't need to be concerned about making up lines that rhyme. You don't need to be worried about musical composition. Any melody and any words you choose can be a praise offering to the Lord. Become accustomed to hearing the sound of our own voice lifted in praise. Even though these simple praise expressions may not "sound right" to you at first, keep praising! It is always pleasing to the Lord. (And you'll have all eternity to improve!)

Also sing in your personal prayer language given by the Holy Spirit. Sing in the Spirit for a while, and then sing in your own language for a while. (1 Cor. 14:15)

Even when you don't feel like praising the Lord, read and sing praises anyway! This is a time for absolute obedience. As you read and sing, the feeling of love for Jesus and His joy for you will overcome you and wash away the anxiety and cares you feel.

We praise the Lord in remembrance of what He has done for us. We praise Him for our protection, because we can trust God to protect us both naturally and supernaturally. We have the name of Jesus to use in withstanding our enemy, Satan. We need only to read Psalm 91 in order to take courage from God's promised protection.

We praise Him for His provision. He provided for the children of Israel in the wilderness, food, water, clothing and health. Their shoes did not wear out, and what He did for them, He will do for us as His children. As believers in the Lord Jesus today, we can know God's promise of provision in our lives. On the natural level, we too can trust God to provide the food, water, clothing, freedom from disease and shelter we need during the coming years. We can trust Him to provide ways to escape the plagues and pestilences that now exist. We can trust Him to provide safety for us and our families.

We can also trust God to provide the spiritual nourishment that we require – to give us fellowship, access to His Word, and refreshment in His Holy Spirit. We can also trust Him to provide in us the fruits of His nature as we work and glean in His fields. Above all we can trust in the fact that **Jesus does not change ….. yesterday …..today…. forever! Hebrews 13 verse 8.**

We praise Him for His promises, which are yea and amen, because His Word is forever established and He assures us that He and His Word are one. Jesus is the Living Word, and because He never changes, neither does the Word of God. We can be assured that God will never break His Word, nor will it return unto Him void, but it will accomplish that which it is meant to do. **Isaiah 55 verse 11.** You can, with great assurance and trust, rely on His unfailing promises. Of course, the ultimate fulfilment of His promise will be when He returns as King and kings and Lord of lords! The Feast of Tabernacles speaks prophetically of the return of Jesus, so let us be glad, and rejoice, and as we celebrate the feast of tabernacles each year, let us make a quality decision to become a praising people! □

DIE FEES VAN TROMPETTE

Rosh Ha' Shana

Die Fees van Trompette is nie 'n musiekkonsert nie! Dit is die viering van die Bybelse Fees - Yom Truah – die Fees van Trompette. Dit was een van die sewe feeste wat Israel beveel was om na te kom. "Op die eerste van die maand, moet dit vir julle 'n rusdag wees, 'n gedenkdag deur basuingeklank, 'n heilige vierdag" (Lev. 23:24).

Die Fees van Trompette was die begin van 'n 10-dag tydperk van voorbereiding vir Yom Kippur – die Dag van Versoening – die heiligste dag op Israel se kalender.

Jy mag sê, "O! Dit het niks met ons Christene van vandag te doen nie!" Maar soos ons die Skrifte bestudeer kan ons die profetiese betekenis van "Trompette" verstaan.

Die feit is dat al sewe "Feeste van die HERE" in Lev. 23, is of sal deur Yeshua die Messias vervul word. (Yeshua is die oorspronklike Hebreeuse Naam van Jesus). **Versoendag** was vervul deur die dood van Christus. Die **Beweegoffer** was vervul deur Sy opstanding. Die Fees van **Ongesuurde Brood** is vervul deur Sy werk van Heiligmaking. **Shavuot (Pinkster)** was vir ons vervul deur die uitstorting van die Heilige Gees (Hand. 2) en die Opvaring van ons Verlosser in die binneste heiligdom in die tempel in die Hemel (Heb. 9 :11-12). **Sukkot, Loofhuttefees** is vervul deur die "Shekinah glorie" van God wat in gelowiges se lewens inwoon – "Christus in jou die Hoop van Heerlikheid ". "**Yom Truah"(Trompette)** sal vervul word wanneer …."*die Meester Self uit die hemel sal neerdaal met* ***'n geroep,*** *met die stem van die aardsengel en met* ***die trompet geroep van GOD.*** *Dan sal die dode in Christus – die wat in eenheid met die Messias gesterf het – eerste opstaan. Dan ons, die gelowiges wat nog leef, sal saam met hulle in die wolke opgeneem word, om die Meester in die lug te ontmoet. En so sal ons vir ewig met die Meester wees" (1 Thess. 4 :16-17).*

Dit is die dag waarop die gelowiges angstig wag – die wederkoms van ons Verlosser om ons na die Vader se huis te neem. En dit is die hoof betekenis van die Fees van Trompette vir die Christen gelowiges vandag. 'n Ou Testamentiese verwysing na die opvaar van Christus, glo ons, word gevind in Psalm 47:6: "***God vaar op met gejuig, die HERE met basuingeklank***".

Die Messias het seëvierend uit die graf verrys, en opgevaar omhoog; en Hy sal binnekort terug kom met die uitroep van oorwinning, in krag en groot heerlikheid.

"***Kyk, Hy kom met die wolke, en elke oog sal Hom sien, ook hulle wat Hom deursteek het***" *(Openb. 1:7).*

Daar is nog 'n ander profetiese betekenis in die Fees van Trompette; en dit geld vir die Dag van die Here, die Dag van Groot Verdrukking waarvan Yeshua die Messias gewaarsku het: "***Want dan sal daar groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie" (Matt. 24:21).***

Die boek Joel waarsku ons ook oor hierdie dag; en die HERE beveel Israel om……."***Blaas die basuin op Sion, en blaas alarm op my heilige berg! Laat al die inwoners van die land bewe, want die dag van die HERE kom, want hy is naby 'n dag van duisternis en donkerheid, 'n dag van wolke en wolkenag;… wat van oudsher sy gelyke nie gehad het nie en dit hierna ook nie sal hê tot in die jare van die verste geslagte nie" (Joel 2 :1-2).***

'n viering van die Fees van Trompette behoort dus vandag op hierdie vier aspekte te fokus:

1. *Die wegraping* – die Meester wat in die wolke neerdaal om Sy volk bymekaar te maak na die Vader se Huis.
2. *Die Verdrukking* – 'n waarskuwing van die toorn wat oor die hele wêreld gaan kom – oor die wat agter gelaat is.
3. *Die Dag van die HERE* – 'n waarskuwing aan Israel van die "Tyd van Jakob se benoudheid" wat nader kom (Jer. 30:7).
4. *Die Terugkeer van die Messias as Koning van die Konings om in geregtigheid te regeer.*

Hierdie jaar val die Fees van Trompette of RoshHa'Shana op die 17-18de Sept., Yom Kippur die Dag van Versoening 26ste Sept. (Vas asb. saam met ons vir ongeredde geliefdes), Eerste dag van die Loofhuttefees 1-7 Oktober.

Lees ons boek Die Feestye van die Here.□



uit **Dr James se kantoor**

Geliefdes in Jesus,

Die inhoud van die maand se nuusbrief herinner ons aan God se geduld, volgehoue en ewig durende getrouheid aan Sy mense, en dit behoort ons aan te moedig om tot die einde te volhard, en terwyl dit gedoen word, om Sy aanhoudende genade, goedertierenheid en meegevoel na te volg, te midde van die omstandighede wat ons elke dag omring. Sy kragtige liefde sal ons versterk om te volhard ongeag wat ons in die gesig staar, en daarom wil ek begin deur jou te herinner aan hoe spesiaal jy vir Vader God en ook vir ons is! Ons is broers en susters in die Here en behoort aan die wonderlike familie van God! Hoe wonderbaarlik is dit om 'n lid van 'n Ewige Familie te wees en om 'n gesamentlike erfgenaam met Jesus te wees, en wanneer ons stop en aan die volle implikasies van die waarheid dink, kan ons net in verwondering staan oor die geweldige liefde van God en Sy ontsagwekkende plan van verlossing vir ons deur Sy Seun se verlossing op Golgota! Hy sê vir ons **"Hierin is die liefde: nie dat ons God liefgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het en sy Seun gestuur het as 'n versoening vir ons sondes. Geliefdes, as God ons so liefgehad het, behoort ons ook mekaar lief te hê"(1 Joh. 4 :10-11).**

Die Here het in die Ou Testament 'n bloedverbond met Sy volk gemaak wie Hy gekoester en lief gehad het, en Hy deur Jesus, het 'n bloedverbond met ons gemaak as gevolg van Sy groot liefde vir ons. In ruil, verwag Hy dat ons op Sy onvoorwaardelike liefde sal reageer deur Hom lief te hê en mekaar op dieselfde manier. Jesus, toe Hy gevra is wat die grootste gebod was, het geantwoord: **" Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself" (Matt. 22 :37-40).**

Daar is egter nog 'n gebod wat God ingestel het, en dit is die huweliksverbond. Die huweliksgeloftes wat tussen 'n man en vrou voor God gemaak is, vorm 'n verbond en moet ernstig opgeneem word. God se liefde teenoor my en jou is onvoorwaardelik, en is ewigdurend, en daardie kenmerk is wat Hy van ons begeer, veral wanneer dit kom by die hou van ons huweliksbelofte aangaande die verbond wat ons aangegaan het voor Hom. God se Woord sê dat die huwelik tussen 'n man en vrou dien as 'n voorbeeld van Christus en Sy Kerk (Ef. 5: 32) en daarom moet dit die ewigdurende, onvoorwaardelike liefde tussen die twee demonstreer. Die van ons wat getroud is, moet ons maats lief hê en ons huwelike beskerm met alles wat in ons is, want in hierdie laaste dae het die duiwel hordes van sy demone losgelaat om huwelike te probeer opbreek sodat hy die voorbeeld wat dit voorstel van Christus en Sy Kerk in diskrediet kan bring. Pasop vir die vyand se taktieke en moenie vir sy leuens val nie of in sy vangnet val nie! Jy sal 'n kwaliteit besluit moet neem dat wat ook al die situasie is, jy vir jou huwelik sal veg ongeag die omstandighede! Onthou, God is groter is as enige probleem in enige huwelik – maar jy moet die besluit neem om jou gelofte te eer – jou belofte – jou woord – aan jou maat soos aan God, net soos God Sy Woord eer.

God die Vader verstaan waaroor 'n gesin gaan, omdat Hy die konsep van die gesin ingestel het en dit is baie belangrik vir Hom. Deur Jesus is ek en jy deel van Sy groot familie, en Hy het ons nie net lief ver bo ons verstand nie, maar Hy is ook baie beskermend oor ons, net soos ons moet wees oor elke lid van ons gesin, beginnende met ons eggenoot/eggenote en kinders.

Onthou altyd dat God die gesinseenheid georden het en daarom is dit bale kosbaar vir Hom. Sy bedoeling vir die gesin is om Sy liefde, orde en eenheid te vertoon. Dit vereer Sy Naam en kan slegs bereik word as Sy "Bloudruk", Sy bevele in Sy Woord deur man, vrou en kind gevolg word. Hy belowe ons dat Sy Woord nooit leeg na Hom toe sal terugkeer nie, maar sal volbring waartoe Hy dit gestuur het (Jes. 55:11). Gehoorsaamheid aan Sy Woord wat deel is van die huwelik en die opvoeding van kinders, sal dus 'n suksesvolle huwelik verseker.

Dit maak nie saak hoe sleg die omstandighede lyk nie, 'n gebroke huwelik voorkom, hoe eiewys 'n kind geword het, hoe eensaam of vasgevang jy mag voel nie, onthou altyd dat God by magte is om harte en omstandighede te verander. Neem nou 'n kwaliteit besluit dat jy glo jou Hemelse Vader orde uit die warboel, en opstanding uit die dood sal bring. Hy is nie net oppermagtig om dit te doen nie, maar is ook gewillig. Reik in gebed, smeking en vas na Hom uit, maak jou behoeftes aan Hom bekend! Vas en gebed tesame, is sonder twyfel die mees effektiewe geestelike stand wat jy kan inneem. Vra die Here vir 'n strategie, as jy voel jy moet vir 'n omstandigheid vas. Met strategie, bedoel ek God se plan vir die geestelike aanval wat jy op die punt is, om teen die vyandige kamp te loods. Onthou dat Paulus in Ef. 6 verklaar dat, ons stryd is nie

(Vervolg op Bl. 7)

(Vervolg vanaf Bl. 6 - Uit Dr James))

teen vlees en bloed nie, maar teen die magte en wêreldheersers van die duisternis. Die duiwel en sy demone is jou vyand, nie jou huweliksmaat, die "ander" vrou of man, kinders of familie nie.Dus as jy gereed is om in geestelike oorlog voering te gaan, vra die Here om jou te lei, deur aan jou 'n plan te gee hoe om te vas. Wanneer God jou roep om te vas, kan jy verseker wees dat Hy beplan om vir jou te veg en dat die geveg reeds gewen is, selfs voordat jy begin! Luister net vir Sy opdragte, gehoorsaam dan en vertrou Hom vir die resultate (Lees ons boek 'Vas en Gebed'). Sy gevegsplan misluk nooit. Net soos hulle nooit met die weermag van Israel misluk het nie, wanneer hulle gehoorsaam was. Jy sal verbaas wees hoe Hy jou wys, wat om te doen en wanneer dit gedoen moet word. Wees sensitief vir Sy stem. Ons het so bale getuienisse van mans, vrouens en kinders wat vir die Here gewen is of terug gewen is na die Here, deur die stryd in gebed en vas. As God vir jou is, wie kan teen jou wees? In Ef. 6 :13 word aan ons vertel: Daarom, neem die voile wapenrusting van God op, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle alles volbring het, STAANDE kan bly. STAAN dan.... Dit is belangrik om nadat jy alles gedoen het, wat God van jou verwag het, jy sal STAAN! Moenie gaan sit, gaan le, of opgee nie, maar STAAN. In die staande posisie, moenie vrees nie, wees stil en laat God toe om vir jou te veg. Jy en God is 'n meerderheid — onthou dit! En onthou altyd dat LIEFDE ALTYD OOR ALLE BOOSHEID TRIOMFEER! Wek weer daardie eerste liefde wat jy vir jou maat gehad het op, dit is 'n keuse wat jy kan maak met die hulp van die Here, en een wat eer aan ons Here sal bring! Jesus het die Kerk in Efese in Openb. 2:4 tereg gewys dat hulle hul EERSTE LIEFDE verloor het, en Jesus, ons Hemelse Bruidegom kom terug om binnekort Sy Bruid te kom haal – van wie ek en jy deel is, en ons moet Hom liefhê met ons eerste liefde en uitsien na Sy spoedige verskyning! Maar wat van ons liefde vir ons aardse huweliksmaat? Ons moet hulle ook liefhê, net soos ons die Here beloof het dat ons sal doen, toe ons daardie verbond met hulle gemaak het in ons huwelik wat deur God ingestel is. Ons is baie dankbaar teenoor almal wat saam met ons en vir ons bid, en wat vir ons die ondersteuning gee om in Sy werk voort te gaan. Dit is duidelik in die Woord dat julle skatte in die hemel bymekaar maak, vir elke kosbare siel wat deur julle hulp deel van God se Familie word en in Sy Koninkryk inkom. Ons is baie lief vir julle almal

Mag die Here ryklik seën'
Baie liefde groete

Dr James

GELOOF IN DIE WOORD / FAITH IN THE WORD

Daar is geen kopiereg op enige van ons kassette en visuele materiaal nie en daarom wil ons u aanmoedig om kopieë daarvan te maak en te versprei so dat die Woord van ons Hemelse Vader uitgedra kan word. Ons vra egter dat dit nie gedoen sal word vir finansiële gewin nie.

***

There is no copyright on any of our audio and visual material, and therefore we would like to encourage you to copy and distribute in order to spread the Word of God. We do however request that this is not done for financial gain.

Ons God van wonderwerke

…..Briewe wat getuig van die Here se goedheid en getrouheid

It's once again, Penelope who requested last 25 July 2011 for prayer request for my brother Rudy who was in ICU, Windhoek, Namibia fighting for his life. Therefore, I would like to extend my gratitude to you and your team for your prayers. Thank you very much for your prayers, God has heard our cry and answered our prayers. God is so good, my brother Rudy has been saved, he is totally our of danger and he's recovering so well. Halleluja, Amen, Praise the Lord!!

Penelope Kalinga, Windhoek

Ek groet u in die Almagtige naam van ons Koning Jesus. Dr James vandag kan ons die Here net die eer gee vir my gesondheid. Gedurende Maart 2007 het ek en my man na die seuntrum gekom vir gebed. Ons is van Worcester en was moedeloos want ek het vir veertien en 'n half jaar aan totale slaaploosheid gelei, ek kon geensins slaap nie, die dood was vir my beter op daardie stadium van my lewe ek het nie meer kans gesien om te lewe nie en het twee keer probeer om my lewe beeindig. U het gebid vir 'n oplossing en die Here het my genees, watteer groot God dien ons nie. So kan ek ook getuig van vele versoeke van gebede waar die Here absoluut ingetree het. Dankie Dr James dat u en u span altyd bereidwillig is om vir ons in gebed te tree, baie dankie ook vir die nuusbrief maandeliks dit word opreg waardeer. Die Here seën u en u gebedspan. Groete aan almal.

Mev E Strauss, Worcester

Dankie dat u vir my beskerming gebid het, toe ek van die boom afgeval het, ons dank die Here en loof in sy naam dat Hy my ook beter gemaak. Dankie vir die woord wat u so mooi verduidelik in u boekies en nog meer ek lees dit ook in my eie taal. Vriendelik groete

Mej L Schwalin

Dit is met 'n lied in my hart dat ek die Here loof en prys vir julle pragtige geseënde en beantwoorde gebede en inspirerende brief wat ek ontvang het na my seun Kobus se hartaanval. Hy het 4 hartverstoppings gehad en na behandeling volkome genees. Gister was hy vir sy 3 maande 'check up' en die dokter sê sy hart is pragtig genees en klap 96% reg. Ek self het gebed gevra vir vel kanker in my been. Dis ook pragtig genees nadat die chirurg dit uitgesny het. Gister was ek weer vir 'n 'check up', en alles is 100%. Die Here is so goed en getrou. Ons juig, loof en prys Hom vir Sy wonderdade elke dag. Ek het ook laas jaar vir gebed gevra vir die arthritis pyne. Die afgelope jaar het ek nog nooit meer arthritis pyn gekry nie. Ek drink niks pille vir iets nie. Ons juig en sing Hallelujah vir die goedheid van die Heer. Baie baie dankie!! Rykste seëninge aan julle albei. Liefde.

Elbie Immelman, Strand

In die jaar 2011 het ek gebed gevra vir my dogter wat swanger was en aan hoë bloeddruk gelei het. Die 18ste Augustus het sy geboorte gegee aan 'n gesonde baba dogtertjie. Ek loof en prys die groote God se wonderwerke, sy is nou al 11 maande oud. Dokter die Here is groot en hy is magtig. In Oktober 2011 het ek ook gebed gevra vir my oudste dogter wat swanger was en gebloei het. Op die 1ste Januarie 2012 het sy 'n broeikas baba gekry deur keisersny sy was baie klein en amper gesterf, maar terwille van julle gebede is die baba nou sterk en gesond. Ek dank die Here want hy is 'n groote God en verlaat nooit sy kinders nie. Ek wil vir Chantelle sê baie dankie vir die mooi gesindheid wat sy het oor die foon mag die grootte God vir Chantelle en julle almal met die liefde van God seën. Ek is lief vir julle almal, deur die liefde van God. Baie dankie.

Mev Mr Fillies, Delportshoop

Ek wil dankie sê omdat u vir my gebid het. Ek het gevra om vir my te bid vir longkanker en toe ek gegaan het vir my behandeling het die dr. Gesê dit is nie meer nodig nie, en u weet ek is nou volkome gesond en het weer begin werk. Ek is God baie dankbaar, want ek voel of daar nog nooit iets met my verkeerd was nie. Ek bid elke dag dat God my geloof moet versterk en my en my gesin naby Hom moet hou, want God is liefde, ons moet net glo.

Mev L Visagie, Kaapstad

Eerstens het my man volkome genesing ontvang en ons dank en loof die Here daarvoor. Vir my het daar net wonderwerke plaasgevind deur alles wat ek gesien en gehoor het en het ek self volkome genesing gevind vir al my vrede. Ons loof die Here daarvoor! Ek was so vol vrees vir alles, in so 'n mate dat ek heeltemal ingegee het en afhanklik van pille was. Nadat u vir my gebid het, het my hele lewe verander en is ek 'n nuwe mens! Dankie vir u wonderlike voorbidding. Ek wil dit net aan almal vertel en getuig ook net waar ek kans kry!

Mev W Wolmarans, Mosselbaai

Ek sal ons Hemelse Vader altyd loof en prys vir die wonderlike genesing wat ek ontvang het van suikersiekte en asma. Dit is meer as 'n jaar dat ek laas aanvalle gehad het. Loof die Here, want Hy is goed! Vandat u vir my en my gesin gebid het gaan dit nog altyd beter. Ons het ook ons Heer gevind en sal Hom altyd prys!!

Mev W de Beer, Lichtenburg